

14 April - GEBEDSTRYD

Skrifgedeelte: Lukas 22:31-46

Fokusgedeelte: Lukas 22:31-33, 40, 46

Satan het sy bose plan in werking gestel. Dit sou nie net die Here Jesus raak nie, maar ook sy dissipels. Die Here sê vir Simon Petrus: *“Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif”*.

Die Here sien vooruit dat Petrus in die aanslag gaan val (vers 32). Let net op Petrus se bravade. *“Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan”* (vs 33). Ons weet egter wat dieselfde nag nog gebeur het toe Hy die Here verloën het.

Die Here staan nie verwyttend oor wat Hy vooruit sien nie. Hy tree op deur te bid. Hy bid vir Petrus se behoud. Hy bid vir Petrus se bekering en voortgesette diens om sy medegelowiges te versterk. Die Here Jesus is ons Hoëpriester, wat vir ons intree by sy Vader. Vandag kan Hy dit in die hemel doen op grond van 'n volmaakte soenoffer.

Die Here vra dat ons ook saam met Hom moet bid. So het Hy sy dissipels, wat saam met Hom voor die aanslag van Satan gestaan het, gevra. Hy vra hulle egter nie om vir Hom te bid nie, maar vir hulleself: dat hulle nie in versoeking kom nie.

Moet tog nie dink dit was 'n gebed vir eie behoeftes nie. Ook dié gebed was deel van die stryd tussen twee koninkryke. Bid jy daaglik só saam met Christus?

Sing: Psalm 25:3

Ds PA Odendaal (Harrismith)